16 Desember Jesaja 9:1-6; (Teks: 9:5, 6)

Elke dag moet Christus-fees wees

Maar waarom gebeur dit dan nie? Kan die gevoel van liefde en vrede nie maar voortduur vir die res van die jaar nie? Hoe nodig het ons dit nie in die uitputtende vermoeienis van geweld en haat wanneer Kersfees verby is nie... Hoe heerlik sal dit nie wees as elke dag, vanaf Kersfees vir die res van die jaar, die "ere aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde"-boodskap kon uitdra nie! Soos engelesang tans in ons ore en harte weerklink, moet dit elke dag kan weerklink. Soos dit op strate en in winkels en in huise tydens Kersfees gehoor word, moet dit eintlik elke dag gehoor kan word. Vir die gelowige kind van die Here kan dit egter elke dag Kersfees wees. Kersvreugde kan die hele jaar beleef word. Vreugdesange kan die hele jaar gehoor word. U vra, soos ek, waarom gebeur dit dan nie?

Is Christus se Koningsheerskappy dan so bolangs dat dit só maklik net maar losgelaat word wanneer die "gewone lewe" na Kersfees weer begin? Is die vrede en voorspoed van Christus dan so kortstondig dat dit sommer soos mis voor die son verdwyn die oomblik as Kersfees verby is?

Nee, dit is nie waar nie. Sy Koningsheerskappy en sy vrede en voorspoed is ALTYD daar... Dit is ons wat dit so maklik en vinnig vergeet.

Laat ons God bid - elke dag - dat sy Heilige Gees ons lei om élke dag die oorwinning van Christus met opregte Kersfeesgloed te beleef én uit te leef.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)